



Vergaderings en papierwerk verminder

“Die voorgestelde veranderings in die Sawa-struktuur het ten doel om die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NUB) meer vaartbelyn te maak ten einde by hedendaagse bestuurspraktyke aan te pas, vergaderings en papierwerk te verminder en die rapporteringslyne te verkort.”

So skryf Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, in ’n kennisgewing wat vroeër vandag (16 Mei) aan alle Sawa-lede gerig is (kyk bladsy 13). Hiervolgens word die RSA in vier areas verdeel elk met ’n nasionale verteenwoordiger wat deur die afgevaardigdes van die betrokke area by die jaarlikse Sawa-kongres verkies word na ’n vooraf nominasieproses soortgelyk aan die van dagbestuurslede. Hierdie vier lede vorm saam met die vyf dagbestuurslede en die Sawa-president die NUB wat dan uit 10 lede sal bestaan in plaas van die huidige 15.

“Die NUB het Saterdag die voorstel van die Grondwetkomitee aanvaar. Die gevolglike grondwetwysigings sal later vanjaar aan die Kongres voorgelê word. Indien dit goedgekeur word sal die nege gebiedsbesture en alles wat daarmee saamgaan ophou funksioneer en ontbind word.”

Jurie het aan Kampkrummels gesê dat daar in die afgelope tyd heelwat stemme opgegaan het oor verandering en dat konstruktiewe gedagtes hieroor na vore gekom het. ’n Dinamiese vereniging soos Sawa moet by hedendaagse bestuurspraktyke aanpas en veranderings in die verband is noodsaaklik.

“Die area-verteenwoordigers kan inisiatief neem met byvoorbeeld die bedinging vir borgskappe en ander fondsinsamelingsprojekte. Hulle sal ook direk met streekvoorsitters skakel. Omdat die areas geo-



Jurie Dreyer

grafies baie groot is sal hoofsaaklik van elektroniese middels gebruik gemaak word om kontak te behou. Daar sal egter nie meer gebiedstrukture in stand gehou of vergaderings op die vlak gehou hoef te word nie. Kuierkampe tussen streke sal die gebiedsaamtrekke vervang”, het Jurie gesê.

Lees ook volledige kennisgewing op bladsy 13 en die artikels op bladsy 3.

Lees binne verder

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur sê in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawakalantjies (kleuters)	6
Stoffeltjie	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Fotobeeld	10
Verjaarsdae	11
Lief en leed	11
Fotobeeld	12

Fanie stoot en Frieda ry in kaskar





OORDENKING

Die gebede van 'n ma

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Jak 5:17

Op 'n dag in die jaar 387 is die groot kerkvader wat 'n bepalende rol in die ontwikkeling van die geestelike denke van die Weste gespeel het, gedoop. Vir sy ma Monika, was dit 'n verhoring van 'n leeftyd se gebed.

Augustinus is in die jaar 354 in Noord-Afrika gebore. Sy pa was nie gelowig nie, maar sy ma was 'n toegewyde Christen. Haar seun het egter rooi miere gehad: hy was ongedisiplineerd, meer in sport geïnteresseerd as skoolwerk en mal oor meisies. Soveel so dat hy op 18 'n pa word. Dit maak hom nie meer verantwoordelik nie. Hy jol steeds rond en geniet die lewe. Intussen bekommer sy ma haar morsdood oor hom maar gee nie moed op nie. Sy bly vir hom bid. Hy is toe later na Milaan toe. Ook hier het Augustinus probeer wegglip sonder sy ma se wakende oog, maar sy was te slim vir hom en toe hy hom kon kry was sy ook in Milaan. Daar het sy ma naderhand by die ou groot en wyse Ambrosius gaan kla en is toe getroos met die woorde wat ons as bekommerde ouers gerus kan ont hou: "Dit is nie moontlik vir 'n seun vir wie daar so baie gebed word om verlore te bly nie."

In die tyd het Augustinus, toe al 'n bekwame en wydgeleerde man in 'n vriend se tuin gesit en lees toe hy 'n kind hoor sing: "Neem en lees!" Hy het die Bybel by Romeine 13 by ons teksgedeelte oopgemaak, en net daar tot bekering gekom. Ambrosius het hom, en sy seun toe op die dag gedoop, terwyl 'n getroosde moeder (God verhoor gebed) dankbaar toegekyk het. Haar gebed van 'n leeftyd het vir een van ons groot geeste in die kerk gesorg.

Ouers, hou moed. Bid sonder ophou. God verhoor gebede. Al is dit op sy eie tyd.

Gebed: Ek besef om vir my kind te bid is so belangrik as om vir hom sy daaglikse brood te gee. Gee dat ek as ouer nie my plig sal versaak nie.

Johann Symington (Vers 'n dag)

Breër verband

Sawa streef daarna om

- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.

- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandelinge en samewerking met ander instansies.

- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.

- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.

Besoek: Lugmagnmuseum

20 Julie 2011: Ontmoet mekaar 10:00 voor ingangshek Swartkop Lugmagbasis. Teken solank die datum aan asseblief



Streekbestuur 2010-2011

Voorsitter: Hennie Ferreira (083 226 176) hennief@agency.co.za

Ondervoorsitter: Louis van den Berg (083 277 7307) vdubl@vodamail.co.za

Sekretaris: Magriet Baker (083 409 3719) margaretb@johburg.org.za

Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

Addisionele lede: Jerome Henning (012 654 6127) ja.henning@telkomsa.net en Sonja de Jongh (082 414 4475) sonjadj@tshwane.gov.za

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Oor Sawa in die breë sê die Redakteur:

Struktuurveranderings sal Sawa meer vaartbelyn maak en bottelnekke uitskakel

Die voorgestelde struktuurveranderings soos in die kennisgewing van die nasionale voorsitter uiteengesit (kyk op bladsy 13) kan as die breinkind van Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, beskou word. Hy het aan Kampkrummels gesê dat hy die saak diep oordink het en tot die gevolgtrekking gekom het dat die organisasie op streekvlak goed funksioneer maar dat die mid-delvlak, waar daar nege gebiedsbesture is waarop twee verteenwoordigers van elke streek plus nog addisionele lede dien, baie ekstra tyd, papierwerk en vergaderings tot gevolg het. Daar is ook toekennings op die vlak gedoen en saamtrekke gehou wat in 'n mate as oorvleuelend beskou kan word. Die voorgestelde nuwe struktuur met vier nasionale verteenwoordigers sal nog met 'n aantal streke skakel maar sonder om besture te hê of vergaderings te hou.

Indien die voorgestelde wysigings goedgekeur word sal dit die einde van gebiedsbesture beteken wat na 'n proeftydperk van twee jaar met die 1988-kongres hulle finale beslag gekry het. Aanvanklik kon die gebiedsvoorsitters ook die voorsitters van hulle streek wees en dit was eers vanaf Oktober 1993 dat dit deur die Grondwet verbied is. Dit was nodig want 'n onverbonden gebiedsvoorsitter sou makliker al die streke in sy gebied oor dieselfde kam kon skeer. Tog het dit daarna nog gebeur dat so'n voorsitter 'n bepaalde verbondenheid aan die streek gekoester het waar hy lid was.

Die streekfunksionering word nie deur die beoogde wysigings geraak nie. Die streek se hoofaktiwiteit bly lekker kamp. Dis per slot van rekening die rede hoekom mense lede van ons organisasie word.



“Die streek se hoofbesigheid bly lekker kamp” sê Jurie Dreyer

... en lewer kommentaar

Suksesvolle Presidente

Volgens alle aanduiding en ook die verslae wat ontvang is, was vanjaar se Presidente-saamtrek 'n groot sukses. Kampkrummels het met die nasionale voorsitter oor die geleentheid gesels.

Ten spyte van die nat weer en modderige toestande was daar 211 woonwaens. Dit wil ook voorkom dat daar vanjaar 'n groter aantal mense vir 'n langer tydperk by die kermis teenwoordig was. Die wynveiling wat vir die eerste keer gehou is, het goeie aftrek gekry en gekom om te bly. Na 'n afwesigheid van 'n paar jaar het die biertent weer sy verskyning gemaak en getoon dat dit met matigheid gepaard gaan en 'n plek het by die kermis. Die kunstenaar wat opgetree het het hom goed van sy taak gekwyt en die *Sawa-het-talent* se deelnemers het 'n hoë gehalte gehandhaaf. Die kaskarre het weereens vir groot pret gesorg en die kinders het die knortjorre baie geniet.

Daar is groot waardering vir die nougesette manier waarop die Paasgebeure tot sy reg kom. Die weer-siens van ou vriende maak dit verder 'n unieke geleentheid. Op die ou einde is dit wat jy self daarvan maak en alles dui daarop dat die Presidente-saamtrek gekom het om te bly. Ander fondsinsamelingsaksies kan miskien bykom om die Presidente-fonds te sterk.

Belangrike kennisgewings

Nominasies word ingewag vir die streekbestuur wat op 13 Augustus by die AJV verkies moet word.

Dit is vir die volgende poste:

Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester, redakteur, senior burgervteenwoordiger, twee addisionele lede.

Nominasies moet op die voorgeskrewe vorm wees (ingesluit en by Kiepersol op www.sawa.org.za).

Dit moet die sekretaris nie later nie as 19:00 op 13 Julie 2011 bereik.

Elke lid (man sowel as vrou) kan stem, kan agt nominasies maak en het agt stemme by die AJV.

Algemene Jaarvergadering

Kennis word hiermee gegee van die 28ste Algemene Jaarvergadering van streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie wat gehou sal word op **Saterdag 13 Augustus 2011** om 09:00 by Klein Paradys (Brits).

Magriet Baker
Sekretaris

12 Mei 2011

Datum van die AJV

Lede word se aandag word daarop gevestig dat die AJV vanjaar op 13 Augustus plaasvind. Dis 'n week vroeër as die datum wat in die amptelike jaarprogram voorkom en nie 'n week later soos in die vorige Kampkrummels vermeld nie. Die redaksie betuig dank teenoor Fanie Marx wat dit onder ons aandag gebring het.

Lekker Kampnuus



Lekker nat Presidente oor Paasnaweek by Potchdam

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het die Presidente-saamtrek oor Paasnaweek (21-25 April) by Potchdam in nat toestande plaasgevind. Verskeie voertuie en woonwaens het diep modderspore gelaat in die gras, maar gelukkig vir 4x4's en bedrewe bestuurders soos President Nico Spaumer wat tot die redding gekom het.

Soos elke jaar het die senior burgers al van Sondag af aangekom. Vanaf Dinsdag het die getalle gegroei en uiteindelik was die totale getal woonwaens 211. Toe het die groot kuier begin. Oral op die terrein het mens groepies gesien wat tot laat gesels het want dis mos dié een kamp waar ou vriende mekaar sien, soms vir die eerste keer na verlede jaar se Paasnaweek.

Die byeenkomste en kermis het in die groot tent plaasgevind. Dit is die grootste tent wat die verskafferfirma beskikbaar het al lyk dit vir my elke jaar groter.

Tot Woensdag is die boekevat deur ons senior burgers waargeneem en vanaf Donderdagaand om die beurt deur die plaaslike Hervormde Kerkgemeentes se predikante. Hulle het ook die twee eredienste gehou en elkeen het 'n besonderse Paasboodskap gebring.

Ons ken almal die bybelgeskiedenis maar dis asof mens elke jaar weer van nuuts af bewus gemaak word van die ongelooflike gebeurtenis wat meer as 2000 jaar gelede op Golgota gebeur het.

Saterdag se kermis was die hoogtepunt van die vrolikheid waar die GROOT kuier plaasgevind het. Almal het met groot entoesiasme gekoop, geëet en gespeel. Die man met die stem agter die mikrofoon (Jannie Meyer) het ons nog meer aangemoedig om van alles en nog wat te koop en te proe. Fanie Marx het soos 'n wafferse gesoute afslaer die wynveiling met groot sukses hanteer. 'n Presidente sonder 'n kermis is vir my haas ondenkbaar.

Die gejuig van die toeskouers om die kaskarbaan Saterdagmiddag het vir groot pret gesorg en daar was groot ondersteuning vir die verskillende spanne: 19 altesaam waaronder drie laerskoolspanne. Almal het medaljes ontvang wat nou die vierde in die reeks Jurgens replikas uitbeeld. Die wenners van die kompetisie was Streek Schoonspruit se span met 27 rondtes in die toegelate tien minute.

Sondag het die gekuier nog steeds voortgegaan en 'n gelukkige groep Sawanante is Maandag na afsluiting huis toe. Nog 'n heerlike modderige nat Presidente naweek was ongelukkig verby.

Soos alle voriges, en hopelik volgendes, was die saamtrek onvergeetlik met kameraderie soos wat daar net by gesoute Sawanante kan wees. Hopelik sien ons almal mekaar weer volgende keer!

(Berig deur Frieda Burger)

Saamtrekdatums vir 2011

20 Mei: Drie Berge

Hengel in Krokodilrivier

Kyk program op bladsy 5

Kampgeld: R390

Betaal in by Sawa-Kiepersol

ABSA Centurion 600 810 499

13-19 Junie: Swadini

Noordelike Presidente

Bespreek by 011 918 0699

29 Julie: Buffelspoort

Buffelsfees met Nianell, Elvis Blue.

Verseker plek deur R420 vir naweek voor

1 Julie te betaal: Sawa-Goudrif, Nedbank

Randfontein, tjekrek 1989 014 372. Faks

strokie: 0865827977. Kan ook vooraf

kamp. Navrae: 0822254902: Johan Fouché

29 Julie: Manyane

Kuieraweek.

Seniors vanaf 25 Julie

R130 per nag (vol bespreek vir naweek)

12 Augustus:

Klein Paradys

AJV-naweek een week vroeër as in die Jaarprogram aangedui

Kampgeld: R360

9 September: Gebiedskamp

Weesgerus

21 Oktober

Nuwe Shangrila

Kampgeld R430

30 Oktober - 13 Nov.

Tweede Drakensbergtoer

Navrae: Frank Smith by 012 654 3135

25 November

Joos Becker

Kersboomsaamtrek

Bring gerus die kleinkinders saam

Die Voorsitter sê Baie vakansiedae het ons kans gegee om te ontspan

Hennie Ferreira

Dit was lekker om tydens die Presidente-saamtrek en al die ander vakansiedae te ontspan. Ek en Hannie was gelukkig genoeg om vanaf 25 April tot 6 Mei Knysna toe te gaan vir 'n kort vakansie.

Die Presidente te Potchdam was soos verwag 'n groot sukses. Die nat weer en modder het die Sawanante nie afgesit nie en al die aktiwiteite is goed bygewoon. Die boekevat en eredienste is deur ses plaaslike leerars waargeneem en was werklik voeding vir die siel. Dit was wonderlik om opnuut onder die besef te kom dat Jesus uit die dode opgestaan het sodat ons nie verlore mag gaan nie.

Baie dankie aan elke Kiepersoller wat deel van die 211 woonwaens uitgemaak het wat by die Presidente teenwoordig was. Dankie vir almal wat gehelp het met die voorbereidings Vrydagmiddag vir die kerrie en rys wat Streek Bronberg Saterdag verkoop het.

Die was met groot leedwese dat ons juis die Saterdag (23 April) by die Presidente van oom Nic Fourie se afsterwe verneem het. Hy het sy stryd teen die kanker verloor. Aan tannie Johanna en familie: Wees verseker dat ons julle opdra aan die Here in hierdie moeilike tyd.

Wat ons volgende streekkamp betref, vind dit plaas te Drie Berge (Brits) en probeer asseblief om die kamp by te woon. Kyk elders in Kampkrummels vir meer besonderhede.

Wat die kuierkamp saam met Streek Bosveld te Manyane die einde van Julie betref, lyk dit asof die hele oord vol bespreek is. Ek versoek diegene wat reeds by my bespreek het om die kampgeld oor te betaal. Vir diegene wat nie hier plek kan kry nie en tog die naweek teen baie billike tariewe by Buffelspoort wil gaan kamp, is daar goeie nuus. Die jaarlik-

se Buffelsfees vind die naweek van 29 Julie plaas en Streek Goudrif is die kampkommandante. Bekende kunstenaars soos Nianell en Elvis



Blue tree onder andere op. Die kermiss is ten bate van die plaaslike Hervormde kerk-gemeente. Dit kos maar R420 vir die naweek. As jy vooraf wil gaan kamp is die prys R130 per nag. Besprekings moet direk by Johan Fouchee gedoen word. Die besonderhede is op bladsy 4.

Terwyl ek en Hannie by Knysna vakansie gehou het, het ons van die geleentheid gebruik gemaak om Saterdag 30 April by die gebiedsamtrek van Kaap Middellande te Keurbooms Lagune by Plettenbergbaai uit te kom. Dagbestuurslid André Knoetze en sy vrou Juliana was ook daar. Ons bedank graag die gasheer gebiedsvoorsitter Daan Schoeman en sy span vir hulle vriendelikheid en gasvryheid. Dit was lekker om die Sawanante beter te leer ken.

Op Dinsdag 3 Mei toe ons terugry van George na Kynsna sien Hannie dat Melvyn en Hester Wessels by die Dolfinspunt (Wildernis) staan. Dis ons lede wat 'voltyds' toer. Ek draai net daar om en tot hulle verbasing kuier ons net daar. Dit gaan goed met hulle en hulle stuur groete. Stuur gerus vir hulle 'n e-pos by melvyn.wessels@gmail.com. Van Dolfinspunt sou hulle na Victoria-baai, Buffelsbaai en Knysna toer.

Soos julle weet moet ons met die jaarprogram vir 2012 begin en ek soek steeds na 'n koördineerder en voorstelle. Hierdie is 'n baie belangrike aspek van die streekprogram en ek sal graag voor einde Mei hiermee wil begin.

Dit is ook belangrik dat elke lid

wat gedurende die jaar saam met ander streke gekamp het die bestuur hiervan in kennis stel aangesien ons dit moet weet vir toekennings wat by die AJV gemaak moet word. Ek maak staat op elke lid om ons te help hiermee.

Ons moet ook voorstelle vir bestuurslede kry voor die AJV in Augustus. Die nominasies sluit op 13 Julie en 'n nominasievorm word hierby aangeheg.

Neem ook nou reeds kennis dat Sawa-kongres 2012 in September te Hartenbos sal plaasvind. Ek is seker daar sal 'n toer of twee soontoe plaasvind.

Ek sluit af met die volgende gebedsriglyn van Stephan Joubert (eKerk)

“Laat vir eendag alle verwysings na “ek” of ‘myself’ uit jou gebede weg. Fokus slegs op God se goedheid. Sê vir Hom dankie vir wie Hy is en wat Hy alles doen. Loof Hom vir sy goedheid in Christus orals in die wereld”

Kiepersolgroete, Hennie

Kamp by Drie Berge

Naweek van 20 Mei

Saamtregeld: R390

Roete: Draai regs in Van Deventerstraat, Brits (Klein Paradyspad).

Drie Berge se afdraaipad (links) is ongeveer 6 km. verder (net na Hoërskool Wagpos).

Kampprogram

Vrydag

19:00 Boekevat en sop

Saterdag

10:00 Boekevat en registrasie

Kuier, stap, hengel of swem

18:30 Braaivleisvure en slaai

Sondag

10:00 Erediens

11:00 Afsluiting, tee en koek

Tandartse by Elwierda Apteek

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson

Telefoon: 012 653 6154

Storie vir Sawa Kalantjies



Mientjie en die Tandmuis

Mientjie is vandag baie opgewonde. Haar een tandjie is baie los en Mamma het vir haar vertel dat as haar tandjie uit is, sy dit in haar skoen kan sit en dan sal die tandmuis dalk vir haar 'n geldjie bring.

Mientjie vat die tandjie en gaan sit dit versigtig op die kassie langs haar bed. Sy mag dit nie nou laat wegraak nie, want dan sal die muis nie vir haar 'n geldjie kan bring nie! Sy kan nie meer wag dat dit moet aand word nie. Mamma sê die tandmuis kom haal net snags tandjies.

Skielik hoor sy 'n geluidjie. Ja waarlik, daar sit 'n piepklein muisie by haar skoen! Hy lyk egter glad nie soos 'n gewone muis nie. Sy haartjies is so sil-

wer blink en hy het kleertjies aan wat blou en oranje is! Sy wil nie die muisie skrikmaak nie, dus klim sy baie saggies uit haar bedjie en sluip versigtig, voetjie vir voetjie, nader. Sy haal die stukkie kaas wat sy spesiaal gebêre het, en hou dit na die muisie toe uit. "Hallo, my naam is Mientjie. Hier is vir jou 'n lekker stukkie kaas", fluister sy.

"Oe, baie dankie" piep die muisie terug. "Dis regtig gaaf van jou. Ek sien jy het 'n mooi gesonde tandjie vir my gelos. Ek sal hom definitief kan gebruik om vir my 'n pragtige nuwe huisie te bou."

Ja, Mamma sê ek moet gereeld my tandjies borsel en nie te veel lekkergoed eet nie, anders word my tandjies sleg en dan sal jy dit nie vir jou huisie kan gebruik nie. Dan sal ek nie 'n geldjie kan kry nie.

Groete, tannie Alet



Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-
GEBRUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota
Gerrit Maritzstraat 597
PRETORIA-NOORD
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

19979-270500/LEEF/09

BRITS WOONWAENS



Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreeks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722

britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

Stoffeltjie



Liewe oom Redakteur

Ten spyte daarvan dat dit so gereën het dat ek op een tyd gedink het dat ons hele familiekie sou uitgever-suip het is ek baie bly om vir oom Redakteur te kan sê dat ons deur die genade almal uitgespaar is en my pa sê ek mag nooit oor reën kla nie en daarom kla ek nie ek sê maar net en ek hoop om dieselfde van oom Redakteur en oom se tannie Alet te kan hoor.

Ons was weer by die President se lekker saamkamp daar by Pot-se-stroom-se-dam gewees maar omdat my pa nog nie so stokoud soos oom Redakteur is nie kon ons eers Don-derdag soontoe gaan en teen die tyd toe ons daar aankom was die wêreld togetrek gewees van almal wat weggeloop het by die werk en toe ons ons kom kry toe staan ons doerr onder langs die dam in die aller sopnatgeid. My pa kon darem met ons woonwa agteruit-gerievirs het tot waar ons moet staan sonder dat ons in die modder in vasgesit het maar toe my pa daar uitklim het hy gesê ons staan nou en hier staan ons en klaar. Maar toe ons nou eers alles opgeslaan het wat ons moes opslaan toe staan ons baie lekker want Sawanante is nou mos nie mense wat 'n nattigheid hulle laat afsit van lekker kamp nie.

Oom Redakteur weet oom ek het nou hierdie Presidente se saam-kamp mooi gebekyk en ek moet vir oom sê dat ek dink dat dit 'n wonderlike saamkamp is en ek dink ook dat die mense wat soontoe gaan is wonderlike goeie mense. My private gedagte is dat hierdie die beste saamkamp van SAWA is maar ek wonder hoekom daar mense is wat nie so dink nie en wat kla asof dit nie 'n baie lekker saam-

kamp is nie. My pa sê vir my daar is altyd mense wat iets verkeerds sal kry met wat jy ookal doen maar hy dink dis mense wat eintlik nie self so iets sal probeer nie. Ek het gesien hoe lekker my pahulle kuier by ons streek se mense en so tussendeur ook sommer by ander streke se mense en by elke President se saamkamp leer hulle nuwe mense wat nie van ons streek is nie ken en dan volgende jaar kuier hulle asof hulle al jarre se vriende is.

Omdat dit eintlik Paasnaweek is sorg SAWA dat daar reg kerk gehou word en ek wil vir oom Redakteur net een ding sê by ons gemeente by die huis kan die mense baie lekker sing veral as die tannie die orrel so ooptrek maar ek het nog nooit in geen gemeente al ooit mense gehoor sing soos wat die SAWA-gemeente binne in daardie groot wit tent sing nie en dit nogal sonder g'n orrel of kitaar of niks nie sommer netso vanself. Ek het 'n paar keer in die kerk gehoor dat my pa sommer ophou met sing en as ek vir hom kyk dan sien ek dit lyk vir my asof hy luister hoe mooi die mense sing en ek kan sien daar is trane in sy oë.

Maar oom Redakteur op die vakansiedae wat nie kerkdae is nie doen die mense die lekkerste dinge en die heel lekkerste vir my is

die groot kermis wat dan in die groot wit tent gehou word en ek sien dat die tent elke jaar 'n bietjie groter is want ek dink dat die kermis en die kerk word elke jaar 'n bietjie groter. 'n Kermis is soos 'n kerkbasaar en dis vir my netso lekker maar my pa sê SAWA s'n is bietjie lekkerder want mens kan darem 'n lekker biertjie teen die erge dors ook daar kry maar ek moet oom sê dat SAWA se mense is nie mense wat te veel van daardie bier drink nie want soos ek vir oom Redakteur al gesê het hulle is baie ordentlike mense wat weet dat te veel van 'n lekker ding is ook nie meer lekker nie.

Voordat ek sê dat oom Redakteur vir die hele volk groetenis moet gee voel ek dis darem my plig om vir die hele volk ook te sê dat die 18de Mei 'n groot stembag is en as oom hierdie brief uitstuur voor die 18de moet die hele volk asseblief onthou om te gaan stem en almal moet onthou

stem vroeg, stem reg

en as die 18de verby is glo ek dat almal het daarvan ge-onthou. Gee asseblief my en my pa se groetenis aan die hele volk en ons moet bietjie saamdink sodat ons volgende jaar sommer baie van ons volk daar by die President se saamkamp kan wees.

Groete, Stoffeltjie.

Nic Fourie aan kanker oorlede

Nic Fourie is op 26 April 2011 oorlede na 'n moedige stryd van vier jaar teen kanker. Hy het feitlik deurgaans behandeling daarvoor ontvang en verskeie operasies ondergaan. Ten spyte hiervan was hy altyd blymoedig en positief. Hy het volstoom gewerk en ook gekamp wanneer dit vir hom moontlik was. So was hy nog verlede jaar in November by die Kersboomsaamtrek kampkommandant waar hy meer as sy kant gebring het. Die foto hiernaas is by dié saamtrek geneem waar hy 'n nasionale meriete-toekenning vir 25 jaar aktiewe lidmaatskap in Sawa ontvang het. Hy het nog sy deel vir die Romanz-funksie op 26 Februarie gedoen en was die aand teenwoordig.



Jacobus Johannes Nicolaas Fourie is op 21 Junie 1939 in Touwsrivier gebore. Hy en Johanna het in Mei 1985 by Sawa aangesluit. Ons harte gaan uit na haar, die kinders en kleinkinders. Mag hulle genade en troos ontvang. Ons eer Nic se nagedagtenis. -Redaksie

Schalk gesels met twee doodgewone mense agter die Man

Die Presidente saamtrek was lekker, met goeie vermaak, allerhande goed om te koop, en ook goeie musiek, veral die Vrydagaand (al moet ek dit nou self sê!). Die goeie reëns het vir heelwat interessante voorvalle gesorg, soos moddergate waarin mense trap, woonwaens in vasval, en selfs sleepvoertuie sonder woonwaens in vasval, vra maar vir Pieter van Biljon! Tussen alles deur het ons darem die kans gehad om te gesels met twee doodgewone mense, sonder enige fieterjasies, maar mense wat al diep spore in SAWA getrap het. Doodgewone, “een van ons”-mense.

Susara Susanna Boshoff is in Belgravia in Johannesburg deur ’n vroedvrou die wêreld ingehelp. Toe sy ses jaar oud was, het hulle na Bredell in Kempton Park getrek waar sy later in die Bredell Laerskool was. Hier het die eerste groot gebeurtenis in haar lewe plaasgevind toe sy haar eerste “boyfriend” gehad het. Sy het my egter uitdruklik gevra om nie te vertel wat hulle alles aangevang het nie, so ek sal nie, alhoewel ek baie graag sou wou! Toe kom daar egter ’n nuwe meisie op die toneel, en hy los haar soos ’n warm patat, en loop agter die nuwe enetjie aan, iets wat sy nie maklik kon en wou aanvaar nie. Sy het uitgeblink in korfbal, wat sy baie geniet het, en waarin haar span ook baie goed presteer het. Sy het in standerd twee met ’n ander dogtertjie in standerd een, wat toe-vallig by haar kom sit het, bevriend geraak en hulle is vandag, na meer as ’n halwe eeu, nog steeds groot vriende! Maar behalwe die korfbal, liefdesteleurstelling en vriendin het daar niks verder gebeur waarom sy nou juis kon huistoe skryf nie.

Sy was in beide hoër- en laerskool op die leerlingraad, en het in die hoërskool ook uitgeblink in korfbal, en die velditems. Na matriek het sy by die Boksborg-Benoni hospitaal in die rekene-afdeling gewerk, en daarna vir tien jaar by Vetsak ook in die rekene-afdeling. In 1965 het die poppe toe vir haar begin dans, maar laat ek

eers vertel hoe dit gebeur het.

Hy is in Primrose, Germiston gebore. Daar het hy grootgeword, skoolgegaan, en het hy en sy vrou selfs later die huis gekoop waar hy grootgeword het. Op skool was hy ’n 100m en 400m atleet, en na skool in 1964 is hy Lugmag toe vir sy nege maande diensplig. Hier het sy vriend hom eenkeer aan die vriend se suster voorgestel, maar niks het nou eintlik gebeur wat die adrenalien aan die gang kon kry nie, totdat hy eenkeer in 1965 saam met haar en haar broer en sy eie suster na die fliek “The Sound of Music” gaan kyk het. Daarna was dinge nooit weer dieselfde vir hom nie, alles om hom het die klank van musiek begin kry. Miskien het die adrenalien toe op hulle almal begin inwerk, want in 1967 is hy met haar getroud, en later is sy suster ook met sy vriend getroud! Uit sy huwelik is drie kinders gebore, Marika, Johan en Annerie, en dan natuurlik nog ses kleinkinders ook.

Na sy diensplig het hy in die bankwese inbeweeg by ABSA in Johannesburg in die tesourie-afdeling, waar hy opleiding ontvang het. Later was hy Bestuurder: Menslike Hulpbronne. Toe volg takbestuurder by Bankfin in Potchefstroom. Agt jaar later was dit die provinsiale kantoor se kredietafdeling in Bloemfontein, en in 2006 het hy in Potchefstroom afgetree.


Ja, ons praat hier van die man Nico Spaumer, SAWA se nasionale voorsitter en sy vrou Sarie, in wese steeds twee doodgewone mense. Hulle het in 1974 by SAWA aangesluit het en het al meer as 400 kampe agter die blad. Hy was lank op Oos-Rand se streekbestuur, toe voorsitter, en later betrokke by die verdeling in Oos-Rand, Kempton Park en Elandsrand. Hy was voorsitter van Kempton Park, lid van die dagbestuur, later ondervoorsitter, en vanaf 1989 Nasionale Voorsitter tot hy in 1995 uitgetree het.

In 2009 het hy by Christo vd Merwe oorgeneem as SAWA-President. Sarie was vanaf 1984 tot 1996 SAWA se administratiewe beampete.

Nico is baie lief vir die natuur, en het aan homself twee doelwitte gestel: om ’n buffel te skiet en om ’n marlyn te vang. Die buffel het hy in 2006 in Tanzanië geskiet, maar die marlyn swem nog rustig rond, maar hy gaan hom nog opspoor! Hierdie drome is soos wat Pat Mesiti sê in sy boek “Wake up and Dream”: “In a nutshell, dreams will make you. They will create your character, your attitudes. Build you up. Make you a better you, unless you like the you that you are, and don’t want a New Improved Version!” en dan weer later: “Dreaming makes you a risk taker. It challenges you to step out, stop playing it safe, move out of your comfort zone and dare to believe. It gives you real purpose”.

SAWA het vir Nico en Sarie ’n lewenswyse, ’n tweede natuur geword, en hulle kan nie hulle lewe voorstel sonder dit nie. Hulle glo “SAWA is wat SAWA is, en moet dit nie probeer verander nie”.

Ten spyte van hulle druk kampprogram en hul passie vir SAWA, was dit vir Sarie en Nico nog altyd baie belangrik om as gesin saam te wees en saam vakansie te hou met die woonwa. Hulle het die geleentheid gehad en gebruik om hulle kinders in alles te ondersteun, ook in sport aktiwiteite, waarin hulle ook goed presteer het. Hierdie ondersteuning het ook vir hulle kinders natuurlik baie beteken. Tans bly al die kinders in Boksborg, soos Nico glimlag “Nie te vêr nie, nie te naby nie, net reg!” Tog darem so dat hulle mekaar maklik en gereeld kan sien. Confucius sê: “To put the world right in order, we must first put the nation in order; to put the nation in order, we must first put the family in order; to put the family in order, we must first cultivate our personal life; we must first set our hearts right”.



Seniors

Beddegoed word benodig

Frank en Hettie Smith

Hierdie jaar se 'babatee' is op 10 Mei gehou. Dit volg na verlede jaar se suksesvolle kuieroggend toe nuwe klere vir babas en peuters gebring is. Daar was heelwat minder mense teenwoordig maar die oggend se saamkuier met tee en eetgoed was heerlik gesellig. Ons wil graag baie dankie sê vir elkeen wat daar was, en ook diegene wat nie kon kom nie maar hulle pakkies voor die tyd afgegee het. Dankie ook aan die gashere Pieter en Johanna van Biljon.

Mariana Kriel van Solidariteit se Helpende Hand het saamgekuier, en was weereens verras oor die hoeveelheid klere wat bymekaar gemaak is. Sy het weer verduidelik hoe hulle te werk gaan met die verspreiding van alles wat ontvang word, en het gevra of ons hulle asseblief kan help met die volgende items: Enkelbedlakens, kussingslope, kussings, komberse, duvets en handdoeke. Helpende Hand het 'n skenking gekry van 100 "Wendyhuise" en enkelbeddens vir elke huisie. Dit word opgerig op 'n plaas aan die westekant van Pretoria (waar hoofsaaklik Afrikaanse plakkers sal woon). Tien huisies is reeds voltooi en die mense het ingetrek. Die eienaar hoop om dit 'n ten volle selfonderhoudende plaas te maak, met 'n melkerij en groentetuine, en elkeen wat daar woon gaan deel wees van die opheffingspoging.

Met die AJV om die draai op 13 Augustus, wil ons vra dat elkeen wat daar gaan wees, en diegene wat net vir die vergadering gaan, asseblief vir ons enige van die bogenoemde items saambring.

Die Gautrein word op 26 Junie in bedryf gestel vanaf die nuwe Centurionstasie. Ons dink daaraan om 'n rit op die trein te reël as een van die uitstappies vir die seniors, en vir wie ookal wil saamgaan. Ons beoog 'n rit vanaf Centurion na Sandton om daar tee te drink en daarna terug te keer. Parkeergeld is R10 per dag, en reisgeld beloop sowat R36 per persoon vir 'n enkelrit. Die datum sal later bekend gemaak word.

Tweede Drakensbergtoer

30 Oktober - 13 November 2011

Sodra die datums met die oorde bevestig is sal besonderhede van die koste bekend gemaak word. Die oorde is Hlalanathi, Dragon Peaks en Drakensville. Laat weet as jy sou belangstel om saam te toer (012 654 3135).

jongklomp



Tieners vra

Wanneer is ons nie meer kinders nie?

Tieners vra dikwels die vrae: Wanneer is ons nie meer kinders nie? Wanneer is ons dan nou volwasse? Dit is omdat hulle vasgevang voel tussen die wêreld van die kind en grootmens.

Die grense tussen hierdie twee wêreldes is nie duidelik afgebaken nie. Vir die tiener is tienerjare 'n geweldige emosionele tydperk. Die kind voel of hy nêrens kan inpas nie. Hy voel nog volwasse, nog kind. Die ou gevoelens van sekuriteit en stabiliteit, wat hy nog altyd ervaar het, word skielik, oornag, weggevee.

Die skielike hormoonveranderinge in die kind, veroorsaak dat hy/sy baie skielik sterk teenstrydige emosies ervaar. Die een oomblik het hy intens lief, maar die volgende oomblik kan hy net so intens haat. Sy emosies swaai sterk tussen die gevoel van skielike opwindning en erge teneergedruktheid. Hy wil graag onaf-

hanklik wees, maar hy wil ook in dieselfde tyd ouerlike beskerming geniet. Hierdie vreeslike deurmekaar emosionele wanbalans versteur die jongmens se gevoel van waarde.

Innerlik is die jongmens onseker van homself, onseker van wie hy regtig is, en wat hy wil wees, en hy wonder watter indruk hy maak op ander mense. Hy wonder of ander mense van hom kan hou, want hy hou dan nie eers van homself nie. Hy wonder ook of hy instaat sal wees om sy eie besluite te kan maak. Die oplossing van hierdie vrae help die jongmens om sy eie identiteit te kan verkry.

Wanneer die verhouding tussen die jongmens en sy ouers positief is, help dit die jongmens om sy selfbeeld positief te hou en stel dit hom instaat om 'n positiewe identiteit te vorm. 'n Positiewe agtergrond van liefde en respek help ook baie om 'n positiewe jongmens te vorm.- Frans Nortjé

Kiepersol maak harte oop vir vir Helpende Hand



Pieter van Biljon, Anna Rall, Magdanell en Theunis Botha



Tannie Anna Rall by die teetafel. Sy gee gereeld haar bydrae

*Foto's
geneem
deur
Hettie
Smith*



Mariana Kriel, verteenwoordiger van Solidariteit se Helpende Hand



Daar is baie klere vir deur hulp-behoewendes geskenk



Veral babaklere is gebring en aan Mariana oorhandig



Hettie Smith (regs) gesels met Mariana Kriel



Skakel om 'n afspraak te maak

072 949 6293

(Maandae gesluit)

Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark

Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie

Parkeer onder groot bome

Ondersteun ons eie mense

ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za

Noodnommer 082 460 0162

Kom maak kennis en kry:

- Flinker diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172

Faks: 012 653 6175

VERJAARSDAE



JULIE

- 01 André Groenewald jn
- 02 Jerome Henning
- 03 Magriet Arnold
- 05 Susra van Biljon
- 06 Thea Brits
- 07 Esme Claassens
- 07 Rita Hanekom
- 08 Wian Malan
- 11 Melvyn Wessels
- 11 Willy Lubbinge
- 12 Bertus Voges
- 14 Johann Schoeman jnr
- 16 Ronelle King
- 17 Marelize Ferreira
- 19 Gert Rall
- 19 Juzlayne Combrinck
- 20 Blignaut Prinsloo
- 22 Andelein Bezuiden-
hout
- 25 Frank Smith
- 29 Alma Michau
- 30 Anje Beneke
- 31 Bets Luus

JUNIE

- 03 Simoné Fourie
- 06 Gina van Huyssteen
- 07 Iloma de la Harpe
- 09 Kobus Fourie
- 09 Hannelien Voges
- 09 Johan de Jongh
- 15 Jan Hartzler
- 20 Hennie Lombard
- 23 Jannie van den Berg
- 23 Johan Pienaar
- 24 Ester Lombard
- 26 André Botha
- 28 Annelise Venter
- 28 Jolandi Venter
- 28 Yzanne Malan
- 28 Emmo Wilsenach
- 29 Jan Venter



*Lief en
leed*

Johanna en Pieter van Biljon is 'n kleindogter ryker. Baie geluk met die uitbreiding van die gesin.

Nic Fourie is op 23 April aan kanker oorlede. Ons innige meegevoel gaan aan sy eggenote Johanna en die ander familielede. Ons dink veral aan Kobus en Madeline en hulle kinders Bernice en Simoné.

Waldo Delpont, stigterslid van ons streek en oud-dagbestuurder, is onlangs oorlede etlike jare nadat hy 'n ernstige beroerte aanval gehad het. Ons innige meegevoel aan sy eggenote Ina, hulle kinders en ander familielede.

Jerome Henning se moeder is ernstig siek. Hy en Anna was ook in 'n ligte motorongeluk betrokke. Hulle is gelukkig nie beseer nie.

Mike du Preez het komplikasies na 'n operasie ontwikkel en het langer geneem om te herstel.

Hannie Ferreira het haar enkel beseer. Maudie en Conrad Fritz het 'n nuwe huis betrek.

Nog kampnuus van 100+ saamtrek

Skaap op spit gebraai

Die 100+ (vir lede wat al 100 saamtrekke agter die blad het) is verseker vir my 'n hoogtepunt en ek woon dit sover dit vir my moontlik is gereeld by. Vanjaar se saamtrek is by Mopanie Lodge, die ou Daan Rademeyer kerk-kampterrein, gehou. Aanvanklik was ek baie bekommerd oor die verkeer op die Moloto-pad maar in die middel van die oggend was daar geen rede tot kommer nie. Daar is wel 'n paar slaggate maar ek kon hulle maklik misry.

Vrydagaand het ons heerlike sop en sjerrie en vetkoek gehad. Die jong dominee Thomas Dreyer van NHK Wapadrand het met die laaste vetkoeke die ronde gedoen en nog aan elkeen een uitgedeel (maar hy wou nie 'n 2e ronde met die sjerrie loop nie). Sommige het nog by Fanie Venter na die Leeus se nederlaag gekyk. Jammer Nico Spaumer (Sawa-President en leeu-ondersteuner).

Saterdagoggend het ons lekker saam ontbyt gemaak en vir die res van die dag oor en weer gekuier terwyl Pierre Wilsenach begin het om 'n skaap op die spit te braai. Tussenin het ons krieket- en rugbytellings gehoor. Die dames onder leiding van Ansie Delpont (nasionale ondervoorsitter se vrou) het ook omtrent die hele middag gewerskaf aan bykosse. Brode en slaaie, pap en sous was in oorfloed!

Na boekevat deur Jurie Dreyer (nasionale voorsitter) het die GROOT eet en kaskenades begin en iewers tussenin het die Bulle nog ook gaan staan en verloor! Pierre is nie net 'n skaapbraaier van formaat nie maar die murgsagte vleis (wat ons gedink het is te droog gebraai aan die buitekant) is met 'n saag uitmekaar gemaak en daar was kos in oorfloed. Ons het soos oom Oubaas sê ons lippe afgekou! Toe kom Jannie en Alet Meyer se musiek en speletjies en daarna Thomas se Bybelvasvra speletjie. Groot pret en dalk 'n bietjie 'kroek'?

Die nuwe babas (minste saamtrekke na 100) vir die jaar is ook deur 'n proses van eliminasië aangewys en dit was André en Wilna Schwartz van Wapadrand. Die burgemeesterspaar was Phillip en Ans Opperman van Lui-perds. Baie geluk julle. Daar is nog tot laat gekuier en wonde gelek oor die rugby.

Sondagoggend sommer vroeg het ek al my radio aangeskakel vir die Proteas se wedstryd teen Engeland. Sommer gou juig ons oor die eerste twee paaltjies en wen sommer al klaar die stryd. Maar soos die dag aanbeweeg het, het dinge verander en moes ons die aftog blaas. Verloor met ses lopies, ai tog.

Na die erediens deur ds. Thomas wat uit Deuteronomium gelees en verduidelik het dat die geskiedenis nie toeval is nie, het ons nog heerlik *brunch* gemaak van die skaap en ander bykosse van Saterdagoggend. Daarna het die trae oppak begin en uiteindelik is almal behalwe ek, Nico en Sarie Spaumer asook Fanie en Alida Venter, weg. Ons is mos pensionarisse!

Ons het nog saam gekuier en eers Maandagoggend terug gery nadat die verkeer al effe afgeloop het. Baie dankie aan Chris en Ansie Delpont asook die Dagbestuur vir 'n heerlike en suksesvolle 100+ saamtrek.

- Frieda Burger

Hulle lidnommers is onder 1000



Anna en Gert Rall, Hennie de Villiers, Bokkie en Pierre Eksteen, Sarie en Nico Spaumer, Christo en Martie van der Merwe . Lettie Leach staan voor.



Frieda Burger en Christo vd Merwe neem aan Musiekraai deel



Willem Nordejé doen aankondigings

Paasfees by Presidente gevier



Goeie Vrydag



Paassondag



Seniors se Allerlei-tafel vaar goed ▲

Die mooi bedrag van R5 580 is aan die Presidente-fonds oorbetaal. Dankie aan almal wat items gegee het



Bo is die miernes van bedrywighede tydens Saterdagoggend se kermis



Links is Schalk Nolte met Vrydagaand se Musiekvermaak. Daar was agt spanne met drie lede elk en toeskouers



Kiepersoliede Frieda Burger, Fanie Marx en Willie Bronkhorst saam met Edward Leach, Jurie Dreyer en andere

Die foto's in hierdie blad is, tensy anders aangedui, geneem deur Jacques en Diana Fourie, Alet Meyer en Nico Zwarts

Kampkrummels word uitgegee deur die Sawa Streek Kiepersol. Plasing van berigte, artikels, of enige ander bydraes of advertensies impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van Sawa of die Kiepersobestuur is nie. Kommentaar



Posbus 15448, Impala Park, 1472
☎ 011 918 0699 ☎ 011 918 0677

16 Mei 2011

Aan Alle Sawa Lede

Belangrike Kennisgewing

Geagte Voorsitters en Lede

Die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NUB) het tydens die vergadering wat gehou is op 14 Mei 2011 'n voorstel van die Grondwet Komitee goedgekeur dat Sawa se Bestuurs Struktuur verander word.

Die verandering het ten doel dat die NUB meer vaartbelyn gemaak word om by hedendaagse bestuurs praktyke van die sake wêreld aan te pas, vergaderings te verminder, papierwerk te verminder en rapportering lynne te verkort.

Die President en die Nasionale Dagbestuur sal dus in die NUB bygestaan word deur 4 Nasionale Verteenwoordigers wat die Areas Noord, Oos, Suid en Wes sal verteenwoordig.

Die Areas sal uit Streke bestaan wat:-

1. Noord van 'n lyn wat strek van die Botswana grens deur Mafeking, Midrand, Belfast tot aan die Mosambiekse grens.
2. Oos van 'n lyn tussen Midrand deur Bethlehem rondom Lesotho tot by die suidelike punt van die land se grens.
3. Suid sal bestaan uit die area Suid van 'n lyn wat van die Weskus loop deur Garies, Colesberg, Aliwal-Noord al langs die grens van KwaZulu-Natal tot teen die Ooskus.
4. Wes van 'n lyn tussen Midrand en die Suidelike punt van Lesotho tot teen die Botswana, Namibiese grense en die Weskus.

Die Nasionale Verteenwoordigers wat 'n lid moet wees van een van die Streke in die betrokke area sal vooraf genomineer en daarna verkies moet word ten tyde van die jaarlikse Kongres vir 'n periode van een (1) jaar, deur die Streekbesture in daardie area tesame met die verkose President en Nasionale Dagbestuur.

Die gewysigde Grondwet sal op die Kongres op 15 Oktober 2011 voorgelê word vir goedkeuring.

Indien die wysigings aanvaar word sal die Gebiedsbesture en alles wat daarmee saamgaan ophou funksioneer en sal dan ontbind word.

Vir enige navrae kan u my direk skakel of ons Nasionale Penningmeester Fanie Jordaan.

Vriendelike Sawa groete



Jurie Dreyer
Nasionale Voorsitter

Jurie Dreyer (s) 082 776 0128;

Fanie Jordaan (s) 082 964 1450

SAWA-KIEPERSOL

STREEKBESTUUR-NOMINASIEVORM

Hiermee nomineer ek lidnommer
(Naam van voorsteller)

Vir Kiepersollid lidnommer
(Naam van genomineerde)

om op die bestuur van SAWA-streek Kiepersol te dien vir die jaar 2011/2012
in die hoedanigheid van:

VOORSITTER PENNINGMEESTER

ONDERVOORSITTER ADDISIONELE LID (2)

SEKRETARIS REDAKTEUR

SENIOR BURGERVERTEENWOORDIGER

Handtekening van voorsteller

Naam van sekondant

Handtekening van sekondant

Hiermee aanvaar ek bogenoemde nominasie op (datum)

Handtekening van genomineerde

NB!!! Nominasies moet die bestuur bereik **voor 19:00 op Woensdag 13 Julie 2011**